# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (27/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 21 Julie 2017*

***"Blessed is the man who, having nothing to say, abstains from giving wordy evidence of the fact" George Elliot***

## BLY GEKONNEKTEER

CGA probeer voortdurend om hul kommunikasie met produsentelede te verbeter. Die SA Vrugtejoernaal word elke tweede maand aan alle produsente gepos, die Statistieke Boek is in Mei gepos en aan die einde van Julie gaan die Jaarverslag aan alle adresse op ons poslys gestuur word. Stuur asseblief 'n e-pos aan gloria@cga.co.za as u nie hierdie publikasies ontvang nie, sodat al u besonderhede opgedateer of reggestel kan word.

## KOMENDE VERGADERINGS

Op 23 Augustus gaan die CGA Raad 'n besige dag hê - begin met 'n strategiese beplanningsessie in die oggend; 'n Sitrusnavorsingstrust-vergadering om 15h00; gevolg deur die AJVs van CGA, CRI, CGA CC, CGA GDC en Citrus Academy om 17h00. Die volgende dag (24 Augustus) gaan die CGA 'n Raadsvergadering hou. Op 11 Oktober gaan die jaarlikse DAFF-koördineringsvergadering in die Oos-Kaap gehou word (plek sal later aangekondig word).

## DIE BELANGRIKHEID VAN DIE PRODUSENT

Doen jouself 'n guns - kyk na hierdie video; https://www.youtube.com/watch?v=KjYVTLOJCxo. Die Amerikaanse Minister van Landbou (Vilsack) het die "House Appropriations Sub Committee on Agriculture" oor Landbou toegespreek. Watter kragtige woorde - "everyone who is not a farmer is not a farmer because of farmers". Die 99% van die mense wat nie produsente is nie, kan prokureurs, dokters, rekenmeesters, staatsamptenare, soldate, ens wees as gevolg van produsente. Mense wat hierdie ander beroepe volg, kan dit doen omdat die produsent hulle van kos voorsien - goeie, gesonde, veilige kos teen baie bekostigbare pryse. Hulle kan met hul beroepe voortgaan as gevolg van die produsent - elkeen van ons kan !! Kragtige gedagtes !! En hy gaan voort om te sê dat hy nie kan verstaan waarom produsente dikwels gekritiseer word nie - hulle moet geprys word !! Luister vir jouself - en laat die produsente jou liefde voel.

## DEPARTEMENT LANDBOU, VISSERY EN BOSBOU (DAFF) SE UITNODIGING NA HUL NASIONALE ROADSHOWS VIR HOUTVERPAKKINGSMATERIAAL (ISPM 15) EN WEGDOENING VAN METIELBROMIED IN SUID-AFRIKA

DAFF nooi alle rolspelers in die vervaardiging, behandeling, uitvoer van houtverpakkingsmateriaal wat van Metielbromied- en hittebehandeling gebruik maak sowel as invoerders van Metielbromied, "Freight Forwarders "en Agente. Die doel van die roadshow is om rolspelers oor die volgende in te lig: ** ISPM 15 regulasie ** Registrasieproses ** Ouditprosedure en vereistes ** Nakoming van Plaagbeheer ingevolge die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels , 1947 (Wet No. 36 van 1947) ** Staking van Metielbromied en Vrygestelde MB-gebruike (QPS & ISPM 15). Hierdie roadshow sal in vier provinsies aangebied word, naamlik: Gauteng, KwaZulu-Natal, Oos-Kaap en Wes-Kaap. LW: Dit is verpligtend vir **palletvervaardigers en verskaffers van behandelings** om die roadshow by te woon en sertifikate vir bywoning sal aan alle deelnemers gegee word. Versuiming om die roadshow by te woon, sal tot "suspension" van die DAFF-databasis lei.

**BEVESTIGDE DATUMS VIR DIE ROADSHOW**

**Gauteng** 11 Augustus 2017; 9:00 - 13:00; Plek – moet nog bepaal word; Uitvoerders, invoerders, vervaardigers, behandelingverskaffers; Freight Forwarders en agente asook uitvoerders van nie-landbouprodukte. **KZN** 14 Augustus 2017; 9:00 - 13:00; Public Works; 455A Jan Smuts Highway; Mayville Durban; Uitvoerders, invoerders, vervaardigers, behandelingverskaffers, freight forwarders en agente asook uitvoerders van nie-landbouprodukte. **Port Elizabeth** 16 Augustus 2017; 9:00 – 13:00; Plek - moet nog bepaal word - Uitvoerders, invoerders, vervaardigers, behandelingverskaffers; freight forwarders en agente asook uitvoerders van nie-landbouprodukte.
**Kaapstad / Stellenbosch**; 18 Augustus 2017; 9:00 – 13:00; LNR Infruitec; Stellenbosch; Uitvoerders, invoerders, vervaardigers, behandelingverskaffers; freight forwarders en agente asook uitvoerders van nie-landbouprodukte.

Vir meer inligting kontak asseblief: Petunia Sambo 012 309 8753 or PetuniaS@daff.gov.za

Vooraf bevestiging van bywoning soos per datum aangedui is nie nodig nie: aanbiedings sal op die CGA webwerf na die roadshow beskikbaar wees.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Einde Week 28 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | **Gepak** | Verskeep | **Verskeep** | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BRON: PPECB/AGRIHUB | 2015 | 2016 | **2017** | 2016 | **2017** | 2017 | 2017 | 2016 |
| Pomelo's | 13.9 m | 12.5 m | **14.8 m** | 11 m | **11.5 m** | 15.6 m | 14.8 m | 13.2 m |
| Sagte Sitrus | 6.9 m | 8.7 m | **8.8 m** | 7.4 m | **7.9 m** | 13.2 m | 13.5 m | 12.2 m |
| Suurlemoene | 11.8 m | 12.3 m | **15.8 m** | 11.1 m | **13.5 m** | 17.5 m | 17.5 m | 15 m |
| Nawels | 18.1 m | 20.7 m | **16.7 m** | 17.6 m | **14.4 m** | 26.3 m | 21.8 m | 26.2 m |
| Valencias | 9.1 m | 10.1 m | **11 m** | 6.2 m | **6.3 m** | 50.1 m | 47.9 m | 41.8 m |
| Totaal | 59.8 m | 64.3 m | **67.1 m** | 53.3 m | **53.6 m** | 122.7 m | 115.5 m | 108.4 m |

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**